NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 7
27 Februarie 2025

# Heidene, honde en Jesus

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Soms gebruik Jesus woorde of sê Hy dinge wat jou na jou hart laat gryp. Dis dan wanneer jy 'n bietjie konteks nodig het om te verstaan dat Jesus 'n hart vir alle mense het.**

In beide Markus 7: 24-29 en Matteus 15: 21-28 vind ons die ontmoeting tussen Jesus en 'n Griekse vrou. Dié ma is desperaat en bereid om enigiets vir haar lydende kind te doen en smeek vir Jesus se genade.

Sy vra dit oor en oor, maar Jesus antwoord haar eers met stilte. Sy hou egter aan en uiteindelik antwoord Jesus: *Ek is net na die verlore skape van die volk van Israel toe gestuur.* Die vrou was egter meedoënloos en het voor hom gekniel en Hy antwoord haar: *Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie* (Matt 15: 24-26).

Dis vreemde woorde van Christus Jesus. Die verkeerde verstaan van Jesus se reaksie hier het al veroorsaak dat mense vreeslike goed aan ander gedoen het.

Die sleutel tot die verstaan van hierdie teks lê daarin dat ons verstaan van honde vandag heeltemal verskil van dié van die mense wat in Jesus se tyd geleef het. Vir ons is honde vandag deel van die huishouding. Honde is in sommige huise soos kinders! Maar dit was nie so in die antieke tye in die Ooste nie. Honde het buite die huis geleef, en het van die afval of die oorskiet (indien daar sou wees) geleef.

Wanneer ons dít verstaan, weet ons dat Jesus se vergelyking van honde nie bedoel was om die Griekse vrou te ontmenslik nie; op haar neer te kyk nie; of dat Hy selfs gedink het die Jode is beter as die ander nasies nie. Nee, Jesus beklemtoon slegs dat sy primêre sending na Israel was – aan diegene binne God se familie. Met ander woorde Jesus is eers na die Jode gestuur en deur hulle sou God die hele wêreld bereik. Jesus sê dus hier: *familie eerste*!

Maar wat het Jesus uiteindelik anders teenoor haar laat optree? Dit was haar reaksie op sy woorde oor die honde: *'Dit is waar, Here'*, sê sy, *'maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval.'* Toe antwoord Jesus haar: *'Mevrou, jou geloof is groot. Jou wens word vervul.'* (Matt 15: 27-28).

Wat hierdie vreemde vrou van 'n ander volk gedoen het, is belangrik. Sy het die ware geloof van Israel getoon – die geloof wat in die Torah (die wet) deur beide Abraham en Moses geïllustreer is. Net soos hulle, was sy bereid om met God te redeneer, en met onwrikbare geloof te glo dat Hy regverdig, goed en genadig is.

In ons eie lewens kan ons dieselfde geloof hê. Ons het elke dag en week ons eie kwota uitdagings. Vreemd soos dit mag klink, is daar baie mense wat hier vroeg in die jaar alreeds moeg is. Ek dink hierdie vrou wat aanhou vra en met Jesus praat, moedig ons aan om afhanklik van God te lewe. Ons moet soos hierdie vrou 'n pad met God loop. Met Hom redeneer! Met Hom verkeer! Jou nood en jou kragteloosheid by Hom uitstort. Hy *is* regverdig en Hy *is* goed en Hy *is* genadig. Hy *is* getrou aan elke belofte in sy Woord.

**Ds Dawie Jacobs**
**Emeritus**


Prop Drian Cockeran


Ds Neels van Tonder


Ds Marina Kok-Pretorius


Ds Pierre Jacobs (sr)


Ds Willem Kok


Ds Hennie la Grange

## Lief en leed

- **Boodskap van dr Deon du Toit**: "My woorde van dank aan my vrou wat my so getrou bygestaan het en boonop nog soveel boodskappe van vordering gestuur het. Die gebede waarvan ek nademaal gehoor het van bekendes en onbekendes. Familie, vriende en naasbestaandes wat my, selfs al was ek van niks bewus nie, gehelp en ondersteun het. My herstelpaadjie is nog lank nie klaar nie. Alle terapie is daarop gerig om so gou as moontlik na normaliteit terug te keer – ses maande word in die vooruitsig daarvoor gestel." Lees dr Deon se volle artikel ***hier.***

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Maart 2025, en word hartlik geluk gewens:**
  - Woensdag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (46) (Seestergemeente Brackenhurst)
  - Vrydag 28 Februarie: Di A (Anneline) Geyer (50) (Kempton Park-Oos), en HP (Herman) Meyer (48) (Carletonville)
  - 29 Februarie: Ds A (Aniena) Jansen van Rensburg (37) (Leeudoringstad)
  - Saterdag 1 Maart: Ds Y (Yolandé) de Lange (42) (El-Flora)
  - Sondag 2 Maart: Di JM (Johan) Delport (73) (emeritus), en EG (Etienne) Fourie (67) (emeritus/Benoryn)
  - Dinsdag 4 Maart: Ds JLJ (Johan) Smit (72) (emeritus)
  - Donderdag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (46) (Erasmia), en WM (Elmien) Shaw (35) (Swartkop)
  - Vrydag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (61) (emeritus), en DJ (Deon) du Toit (52) (Pierneef/dosent)

## Gemeentes en bediening

- **Prop D (Drian) Cockeran** (beroepafwagtend) het 'n beroep na Bronkhorstspruit ontvang.

- **Ds CAP (Neels) van Tonder** (emeritus) het die beroep na Boksburg (deeltyds) aanvaar en word op 2 Maart bevestig.

- **Dr RC (Marina) Kok-Pretorius** het die beroep na Potchefstroom (voltyds) aanvaar en word op 6 April bevestig.

- **Gemeentes Vanderbijlpark en Rietspruit:** Vanderbijlpark vier op 18 Maart haar **75ste bestaansjaar**, terwyl Rietspruit op 20 Junie haar **60ste bestaansjaar** vier. Die twee gemeentes funksioneer geruime tyd al as een en gaan daarom hierdie genadeviering saam hou op 6 April 2025. Vorige predikante, lidmate en belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. 'n Erediens met Nagmaal begin om 09:30 te Gemeente Vanderbijlpark. RSVP teen 21 Maart 2025 by **nhkrietspruit@gmail.com** of Lettie Bothma by 082 773 4741.

- Die Kommissie van die AKV verleen **emeritaat** aan **ds PJ (Pierre) Jacobs (sr)** (Outeniqua) op 30 April.

- Die Kommissie van die AKV verleen **emeritaat** aan **ds WJJ (Willem) Kok** (Potchefstroom) op 31 Mei.

- Die Kommissie van die AKV verleen **emeritaat** aan **ds HF (Hennie) la Grange** (Kampersrus Hoedspruit) op 31 Augustus.

- **Trek jy Suid-Kaap toe?** Gemeentes Swellendam (nhkswellendam@gmail.com), Outeniqua (outeniqua@nhk.co.za), Mosselbaai (gertmalan@telkom.net) of Oudtshoorn (nhk.oudtshoorn@gmail.com) ontvang jou graag.

- **Gemeente Nigel se opgedateerde inligting is:**
  - Sekretariële beampte: Mev CW (Wilna) de Fortier, 083 961 0917 / **nhknigel@absamail.co.za** / **wdf@skipgonigel.co.za**

- Kassier: Mev CW (Wilna) de Fortier, 083 961 0917 / **nhknigel@absamail.co.za** / **wdf@skipgonigel.co.za**

- Ons joernalis het drie teologiestudente gevra om te verduidelik wat die kerk vir hulle as jeug beteken. Luister ***hier*** na die antwoorde van Helga du Plessis, At Hattingh en Zanedrieka de Lange.

## Vergaderings

- Donderdag 6 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 7 Maart: Kommissie van die AKV

## Inligting- en besprekingsvergadering




Vir die eerste keer sedert die Covid-pandemie het ringskommissies op Donderdag 20 Februarie weer in ’n Inligting- en Besprekingsvergadering byeengekom. Maar ons het slim geword tydens die pandemie, en Gemeente Pretoria-Oos se tegnologie het ons in staat gestel om ringskommissies in veraf dele van die land koste-effektief by wyse van videokonferensie by die byeenkoms in te sluit. Selfs uit George en Windhoek het mense aan die gesprek deelgeneem!

Prof Wim Dreyer, voorsitter van die AKV, het die geleentheid geopen aan die hand van Skriflesing en oordenking uit Markus 4: 35-41, en daarna ’n oorsig gegee van die belangrikste vrae en uitdagings wat die Kerk tans in die gesig staar. Hy het verwys na die groot getal kleiner gemeentes en die uitdagings met betrekking tot ’n tekort aan predikante en bekwame funksionarisse in gemeentes. Juis daarom maak ’n betrokke en proaktiewe ringskommissie so ’n deurslaggewende verskil.

Die 74ste Algemene Kerkvergadering vind in Oktober 2025 in Pretoria plaas, en die AKV gaan hierdie keer waarskynlik eers op die Maandagaand formeel geopen word sodat almal na Sondag se eredienste in Pretoria kan aankom en vóór die opening kan registreer. So kan die vergadering sonder verdere oponthoud oor konstituering dadelik met hul werk begin. Belangrike sake wat tydens die AKV bespreek sal word, sluit in alternatiewe bedieningsmodelle, jeugbediening, teologiese opleiding, die rol van ouderlinge, die organisatoriese verskuiwing van die Kerk se diakonaat, en alternatiewe befondsing vir sinodale werksaamhede.

Hierna het ds Hannes van der Merwe (skriba van die AKV) verskillende opsies met betrekking tot alternatiewe bedieningsvorme uiteengesit, terwyl mnr Johan Hattingh (bedryfshoof van die Sinodale Dienssentrum) gesels het oor die belangrikheid van gemeentelike administrasie en deeglike finansiële bestuur (wat noukeurige hantering van belastingsake insluit). Prof Wim Dreyer het kortliks oor die Kerk se Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne gepraat, en dr Johan Bester het ’n beroep op gemeentes gedoen om die inligting vanuit die jongste CLS-SA gemeentenavorsing te gebruik vir hul bediening. Dr André Ungerer (hoof van die Hervormde Teologiese Kollege) het die geleentheid afgesluit met ’n bespreking oor die voortgesette bedieningsopleiding (VBO) wat verpligtend is vir alle predikante en waaroor ’n beskrywingspunt ook by die AKV ingedien sal word.

## Akademiese prestasie



Dr Robert van Niekerk

**Dr John Robert van Niekerk** van die Universiteit van Pretoria (Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur) het in Augustus 2024 'n **PhD in Nuwe Testament** verwerf. Die titel van sy proefskrif is *Honour and shame in Revelation: A social-scientific reading of Revelation 2-3* (Eer en skaamte in Openbaring: 'n Sosiaal-wetenskaplike verkenning van Openbaring 2-3).

In die proefskrif word neurologiese en kruiskulturele antropologiese modelle rakende godsdienstige en mistiese ervaring (*alternate states of consciousness*), eer en skaamte, beperkte middele, persoonlike identiteit, en godsdienstige lewe gebruik om Openbaring 2-3 te lees. Hierdie modelle bied 'n betekenisvolle en kultuursensitiewe verstaan aan van hoe die Jesus-groepe van Openbaring hul werklikheid sou verstaan het. Daar word aangevoer, deur die gebruik van hierdie modelle, dat Openbaring Johannes van Patmos, 'n eerste eeuse Jesus-groepprofeet, se getuienis van werklike godsdienstige ervaring bevat. Hierdie getuienis het ten doel gehad om die Jesus-groepe van Openbaring aan te moedig om 'n alternatiewe wêreldbeeld aan te neem. 'n Belangrike element van hierdie alternatiewe wêreldbeeld is dat eer in die oë van die wêreld skandelik in God se oë is, en skande in die oë van die wêreld eervol is in die oë van God. Gevolglik sou Openbaring nie deur hierdie Jesus-groepe gelees en gehoor word as 'n versameling van kriptiese en deurmekaar simbole nie, maar as betekenisvolle en duidelike kommunikasie aan sewe Jesus-groepe in Klein-Asië.

## HTK-opening

Op 19 Februarie 2025 het dr André Ungerer die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) behartig. Teen die agtergrond van 2 Korintiërs 3: 1-2 is die studente aan die HTK, in samewerking met die Fakulteit van Teologie en Religie (UP), vereenselwig as die Kerk se aanbevelingsbriewe. Dr Ungerer het vertel dat daar skribas aan die werk was in studente se lewens, geskrifte wat hulle tot hul roeping gelei het. Op hierdie dag het ons die geskrifte op hul harte gevier, maar ook die voorreg dat die Kerk deur haar opleiding dieselfde kan uitoefen. Dit beteken dat ons Kerk se studente as lewende aanbevelingsbriewe in die wêreld, na gemeentes, gestuur word om dan op die harte van ons lidmate te skryf deur die ink van die Heilige Gees. Dit is 'n besonderse verbintenis om ons almal te herinner aan die vreugde, maar ook die verantwoordelikheid wat met hierdie opleidingsproses gepaard gaan.

Tydens dié viering is die **Diploma in Bediening** ook oorhandig aan vyf graduandi, naamlik: oudl Rudolf Koekemoer van Vanderbijlpark, mev Magda Serfontein van Gobabis, oudl Susan Vorster van Gemeente Kruin, oudl Faan Beeslaar van Bethal, en oudl Johan Bloem van Postmasburg.

Meer inligting oor die Diploma in Kerklike Bediening en foto's van dié HTK-opening sal gedek word in die volgende uitgawe van *Die Hervormer.*

## Werksgeleenthede

- **Pos as orrellis: Gemeente Kempton Park-Oos** se orrelispos is vakant. Belangstellendes kan asseblief vir ds Anneline Geyer kontak by 082 924 7344 of **ds.anneline@gmail.com** vir meer inligting en besonderhede rakende die pos.

## Kerklike en ander publikasies

- ***Almanak* van 2001, 2003, 2004 en 2005:** Ds Carel Johann de Bruin wil graag skoon, nog nie voorheen gebruikte eksemplare vir sy **privaatversameling** bekom. Hy kan gekontak word by **careljohan@gmail.com** of per WhatsApp by 082 733 3951.

- Die ***Bybelse Dagboek/Almanak* 2025** is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.










## Fondsinsamelings

- **Basaar: Bronkhorstspruit – 1 Maart 2025 vanaf 07:30**
  Ry met die N4 tot by Bronkhorstspruit
  want op 1 Maart 2025 is dit tyd vir basaarjolyt.
  Ons gaste kom van vroegdag af om te kuier en te eet
  van alles waarvan basaargangers al weet.
  Vleis, koek en tee, sleep my mee,
  vetkoeke, aartappel op 'n stokkie, burgers. Ai my bokkie
  is daar plek vir alles op ons trokkie?
  Dis vis en skyfies, pannekoek en boepensbroodjie,
  groente, kerrie-en-rys, pap en kaiings en die wagte se fooitjie.
  Met 'n koue koeldrank in die hand
  stap ek deur witolifantland.
  Ons kinders se tafels spel vreugde en plesier.
  Spandeer hier 'n uur,
  rakke vol boeke oor stories en koeke.




- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## ’n Gedig

**Ek het ’n huisie by die see**

Ek het ’n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – ’n kreun, ’n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is ’n rots waarop my huisie staan.

**HA Fagan**
Uit: *Groot verseboek,* DJ Opperman, 1990

## Toerusting


HTK e-leer — Voortgesette Teologiese Toerusting
E-leer kursus vir alle lidmate van die kerk

Tema: Doopkategese


Fooi: R100

Navrae: Ds Hannes van der Merwe
+27 82 575 1979
hannes@pretoriaoos.com

Klik *hier* vir meer inligting.
Registreer: https://winkel.hervormdeteologie.co.za/



- **Versorgeropleiding:** Is jy Afrikaans met jou eie vervoer en akkommodasie en 'n besonderse liefde en omgee vir jou medemens? Registreer vir die versorgeropleiding wat aangebied word deur die opleidingsinstituut van Solidariteit en gemeentes van die NHKA. Die opleidingskursus duur ses maande en vind by die **Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut** in Garsfontein, Pretoria plaas. Die kursus fokus op bejaardes, persone met gestremdhede, asook versorging vir persone wat operasies ondergaan het. Kandidate word toegerus met die nodige vaardighede en kundigheid om gereeld met gemeentes en instansies te skakel en dienste teen billike vergoeding aan te bied. Indien jy belangstel skakel gerus vir Helpende Hand by 012 111 8360 of besoek die webtuiste ***hier*** of kontak **kantoor@kerkteendieberg.co.za** of 081 000 5818.




## Studentesake

- Ons besef hoe belangrik dit is om te voel dat jy iewers aan 'n geloofsgemeenskap behoort. Om weg van jou ouerhuis 'n geestelike tuiste te vind, kan 'n uitdaging wees. Ons wil graag van diens wees.

  Studeer jy by enige van hierdie instansies?
  - Akademia
  - Centurion Akademie
  - Sol-Tech
  - Stadio

  As jy in die Centurion-omgewing woon, wil ons jou bewus maak van die geestelike versorging wat ons gemeente aan studente bied. Ons bedien die volgende woonareas:
  - Lyttelton
  - Kloofsig
  - Monumentpark
  - Doringkloof
  - Irene
  - Die Hoewes
  - Highveld

  Ons wil graag 'n geestelike tuiste aan alle studente in ons omgewing bied. Ons kan selfs vervoer na ons gemeentebyeenkomste reël. Indien jy meer inligting benodig, kontak gerus vir ds Lisa-Mari (083 943 4561) of vir Maryna (012 664 2044 tydens kantoorure).

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gedagte vir die week

Die Here word nie moeg of gedaan nie
en niemand kan die dieptes van sy insig meet nie.
Hy gee krag aan dié wat moeg is.
Hy maak die kragteloses sterk.
Selfs jongmense raak uitgeput en afgemat.
Baie jongmense struikel en val.
Maar dié wat hulle hoop op die Here stel,
sal nuwe krag kry.
Hulle vlieg hoog, soos arende.
Hulle sal hardloop en nie moeg word nie.
Hulle sal loop en nooit vermoeid word nie.

Jesaja 40: 28-31 (Nuwe Lewende Vertaling)




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Prop Iwana Hartmann